GESELSBRIEF

'n Gespreksgeleentheid vir gelowiges wat nuut, reformerend en veranderend wil saam praat oor eenheid, verskeidenheid en diversiteit

Gespreksforum Wapadrant Gemeente 9 April 2016	Terugvoering en Voortsetting Junie 2016

Agtergrond

Tydens die Gespreksforum wat jy op 9 April vanjaar by Wapadrant bygewoon het, was ooreengekom om werkgroepe saam te stel wat sake soos geïdentifiseer verder sou neem. Eerstens moes 'n kommunikasie kanaal geskep word om onderlinge gesprek tussen gemeentes en lidmate te bevorder asook twee addisionele werkgroepe vir die voorbereiding van dokumente wat aan die Sinode van 2018 voorgelê moet word. Die drie werkgroepe is die volgende:

1. **Werkgroep 1:**
   'n Kommunikasie platform om geleentheid te gee vir gesprekke en om inligting met gemeentes en lidmate te deel
2. **Werkgroep 2:**
   Voorbereiding en opstel van 'n versoek aan die Sinode van 2018 om die besluit, dat vroue nie in die ampte van ouderling en predikant beroep mag word nie, te hersien. Hiermee saam, ook aandag aan die probleem wat ontstaan het toe die Sinode van 2015 dit as `'n "wesenlike" saak verklaar het.
3. **Werkgroep 3:**
   Voorbereiding en opstel van 'n beskrywingspunt aan die Sinode, oor "Eenheid, verskeidenheid en eendersheid in die Gereformeerde Kerkverband" en die wyse hoe dit in 'n kerkorde gestalte kan kry.

'n Verdere besluit is ook geneem om te reël vir 'n **opvolg Gespreksforum** in 2017.

WERKGROEP 1	KOMMUNIKASIE PLATFORM

Wapadrant se Werkgroep (kerkverband aangeleenthede) het hiertoe ingewillig met Thea Heckroodt wat as koördineerder sal optree.

Aard en Inhoud

Uit onderlinge gesprekke sedert die Forum het dit duidelik geword dat daar 'n groot behoefte bestaan vir lidmate van plaaslike Gereformeerde Kerke (gemeentes) om oor sekere sake in kerkverband op 'n meer informele manier met mekaar in gesprek te tree. Die bestaande formele stelsel van meerdere vergaderings wat op spesifieke maniere saamgestel word en wat slegs binne spesifieke geykte agendas werk, is nie meer voldoende om lidmate die geleentheid te gee om aan die debat oor kerksake deel te neem

nie. Hierdie behoefte is ook `n paar keer tydens die Gespreksforum verwoord. Dit is dus logies dat daar een of ander gesprekplatform hiervoor geskep moes word.

Titel: Geselsbrief

Na verskeie gesprekke met rolspelers is daar besluit dat die daarstelling van 'n "Geselsbrief" waar lidmate hul idees en hoop, vrese, planne vir die toekoms en gemeente nuus met mekaar kan deel, die manier is om aan die behoefte te voldoen. Die Geselsbrief word dus geloods en enige gewone lidmaat (of ampsdraer) wat `n bydrae wil maak, word hartlik uitgenooi om bydraes te stuur .

Gespreksgenote:

Lidmate, van gemeentes wat die Gespreksforum meegemaak het, sowel as ander belangstellendes, wat aan hierdie vorm van oop gesprek wil deelneem, word hartlik hiertoe uitgenooi.

Ons beplan om die eerste Geselsbrief met 'n verskeidenheid van bydraers, so teen die einde van Julie uit te stuur. Indien jy 'n bydrae wil lewer vir die eerste brief, stuur dit gerus om ons voor of op Vrydag 15 Julie te bereik. Dit sal nogal interessant wees om te verneem hoe die verskillende klassisse omgegaan het met gemeentes wat reeds vroue ouderlinge beroep het.

Toespitsing:

Bydraes moet veral gerig wees op sake wat uit die Gespreksforum voortgevloei het, sowel as op aanverwante sake van onmiddellike belang.

Voorsiening word ook gemaak vir bydraes in die vorm van nuus uit verskillende gemeentes wat in terme van kerkverbandsake vir mekaar van belang kan wees.

Neem asseblief die vrymoedigheid om jou gedagtes en ervarings te deel as 'n lidmaat en/of ampsdraer in jou gemeente, wyses en/of geleenthede waarop jy jou gawes gebruik of sou wou gebruik, hoe 'n gelowige behoort op te tree in 'n veranderende wêreld ens.

Taal:

Die voertaal van die gespreksbrief sal Afrikaans wees maar enige bydrae in Engels word verwelkom. Onderlinge gesprek in beide tale word aangemoedig.

Frekwensie:

Volgens behoefte, daarom onreëlmatig maar gereeld genoeg om te sorg dat die nuwe bries wat tydens die Gespreksforum waarneembaar was, momentum sal behou.

Verspreiding:

Elektronies, aan almal van wie ons e-posadresse het en nog sal ontvang. Stuur asseblief alle bydraes en e-posadresse aan na:

geselsbrief@gkwapadrant.co.za

WERKGROEP 2	**VERSOEK AAN SINODE 2018 TOT REVISIE VAN VORIGE BESLUITE**

By die Gespreksforum van 9 April is daar ook ooreengekom dat daar `n noodsaaklikheid is om die Sinode van 2018 te nader met `n versoek om

- ’n revisie van die besluit van 2009 oor die vrou in die ampte te oorweeg, asook om
- te besin of die besluit van 2015 dat die saak van die vrou in die ampte werklik wesenlik is.

Daar is ooreengekom dat die wat wil, kragte sal saamsnoer om ’n groep te vorm wat oor die spesifieke sake leiding sal gee aan gemeentes wat die Sinode hieroor wil nader.

Die wat belangstel om hierby betrokke te raak, stuur asseblief jul name **voor 30 Julie** 2016 aan:

gespreksforum@gkwapadrant.co.za

Wapadrant sal die eerste gespreksgeleentheid vir die groep reël waarna die groep self hul eie werkswyse sal bepaal. Die idee is dat die uitkoms van hierdie gesprekke betyds aan die gemeentes beskikbaar gestel sal word sodat hulle hulle eie dokumente kan voorberei vir voorlegging aan die klassisse gedurende die tweede helfte van 2017.

WERKGROEP 3	**EENHEID, VERSKEIDENHEID, EENDERSHEID EN DIE KERKORDE**

Daar is ook besluit om aandag te gee aan die wyse waarop die meerdere vergaderings die Kerkorde soms inspan om verskille tussen gemeentes te probeer hanteer en sodoende slegs die probleem vererger.

Dit is egter nie moontlik om na die kerkorde te kyk sonder om die konteks waarbinne dit moet gebeur, uit te spel nie. Die voorstel is dus dat daar `n gesprek aan die gang kom waar lidmate aandag sal gee aan sake

- wat ons eenheid as kerkverband bepaal asook daardie sake
- waarin ons terselfdertyd verskeidenheid ter wille van effektiwiteit moet bevorder sonder om ons eenheid in gedrang te bring.

Soms wil dit lyk asof die begrippe eenheid en eendersheid gelyk gestel word aan mekaar en dit skep ook onderlinge spanninge. Die verwagting is ook dat die werkgroep

- die kerkorde sal evalueer as rigtinggewende orde reëlings binne hierdie konteks, asook
- om gemeentes van die nodige inligting te voorsien sodat gemeentes wat belangstel, hul eie beskrywingspunte hieroor kan voorberei vir die indiening by hul onderskeie klassisse gedurende die tweede helfte van 2017.

Wapadrant sal ook die reëlings rondom die eerste byeenkoms van die gespreksgroep, hanteer . Lidmate wat belangstel om deel te neem aan hierdie gesprekstema word weereens uitgenooi om jul name **voor 30 Julie 2016** deur te stuur aan:

gespreksforum@gkwapadrant.co.za

SAMESTELLING VAN WERKGROEPE

Ons nooi lidmate en predikante wat belangstel om deel te wees van werkgroepe 2 en/of 3 om so gou as moontlik, nie later nie as 30 Julie **julle name en keuse van werkgroep** aan bogenoemde e-pos adres te stuur.

.

As eerste stap daarna, sal ons die werkgroepe saamstel en lede dan bymekaarbring, hetsy fisies op ’n geleë tyd en plek en/of elektronies.

Werkgroepe sal self hul sameroepers aanwys en hul werkswyses bepaal. Wapadrant sal sorg vir infrastruktuur en enige ander ondersteuning wat nodig mag wees.

OPVOLG GESPREKSFORUM

Soos ons op 9 April vanjaar ooreengekom het, sal ’n volgende Gespreksforum weer vir April 2017 gereël word. ’n Spesifieke datum is nog nie vasgestel nie maar dagboek solank die eerste of tweede Saterdag na die skoolvakansie in April.

Wapadrant kan dit weer aanbied maar enige ander gemeente wat kans sien daarvoor, is welkom om dit te doen. Indien nodig, sal ons van Wapadrant se kant met die organisasie hiervan help. Die agenda sal, soos gevorder word met die onmiddellike doelwitte, nader aan die tyd bepaal word.

Intussen gaan ons voort met ons oop gesprek, deur middel van die **Geselsbrief**, waarvan die eerste interaktiewe brief weldra versprei sal word.

Kom ons stap saam op die pad van besinning en vernuwing omdat ons kinders van God in Jesus Christus is, wat moet sorg dra dat Sy naam en boodskap uitgedra kan word. Ons het nie alle wysheid en waarheid in pag nie en soek na God se leiding en inspirasie om te doen wat Hy ons opdra om te doen. Laat ons gereeld vir mekaar bid want ons gee om vir mekaar, of ons nou in alle sake saamstem of nie.

Mooi loop in Christus,
Theuns Erasmus
Sameroeper Gespreksforum